TYGERBERG HOSPITAAL

DEPARTEMENT VERLOSKUNDE EN GINEKOLOGIE 1984

Op Sondag 1 Januarie 1984 stap ek van my kantoor in die departement van Anatomie en Histologie oor na die Tygerberg Hospitaal. Ek het by myself gewonder of ek toe die regte ding doen ? Daar het so ‘n déjà vu oomblik by my opgekom dat ek al voorheen in hierdie situasie was. Alhoewel ek besef het dat dit die pad is wat ek moet loop indien ek die SAKOG kwalifikasie wou verwerf, was ek skielik nie meer so lus om dit wat ek ses jaar tevore eers eenkant toe geskuif het, nou weer aan te pak nie.

Ek het weer in ‘n Verloskunde diensgroep begin werk saam met Dr Smiley Swardt, wat tevore ‘n algemene mediese praktisyn op Ceres was en ook op Laingsburg was ten tyde van die oorstromings in Januarie 1981. Hy op daardie stadium van sy loopbaan sy ondervinding in verloskunde en ginekologie in Tygerberg Hospitaal kom opskerp. Hy is later na George Hospitaal, waar hy as ‘n Senior Mediese Beampte gewerk het. Alhoewel daar toe al vyf diensgroepe in Verloskunde was en spoeddiens in die week slegs een weeksdag was, het die pasiënte getalle baie toegeneem gedurende die tyd wat ek nie meer daar gewerk het nie. Die werkslas was baie meer en eintlik was die situasie maar weer dieselfde as vantevore. Ek was egter nie onder druk om die finale eksamen in daardie jaar af te lê nie en het die beste van ‘n slegte situasie probeer maak.

Tog was die werksomstandighede nou anders en nie juis vir my lekker nie. Dit is seker maar so dat ‘n groep kliniese assistente in die groter departemente ‘n soort kameraderie vorm. Ek was vir hulle ‘n buitestaander, alhoewel ek, ironies genoeg, vir baie van hulle met anatomie, histologie en embriologie gehelp het toe hulle hul primêre eksamens geskryf het. Ek kan nie sê hulle was vyandiggesind nie, maar ek het nie juis welkom gevoel nie. Veral toe hulle verneem het dat ek, op grond van my aanstelling in Stellenbosch Hospitaal as ‘n Senior Mediese beampte, wéér aangestel is as ‘n Senior Mediese beampte.

Die nuwe hoof van die departement het my ook seker maar beskou as iemand wat hy “geërf” het. Hy het sy voorgangers se onderneming om vir my ‘n pos te gee, eerbiedig, maar dit was ook maar al.

Intussen laat weet my pa dat hy en tannie Susan gesels het en gewonder of ons nie ‘n kwotasie van die bouer van houtraamhuise, by wie ons einde 1983 navraag gedoen het, wil kry nie. Hulle twee wil ons finansieel help om solank die strandhuis te bou, sodat hulle ons en die kleinkinders meer gereeld sal kan sien. Daardie tyd was houtraamhuise meer bekostigbaar. Die bouer, Peet van der Walt, kom sien my in Stellenryk, Bellville. Ek het toe reeds ‘n sketsplan gemaak van ons minimale behoeftes. Sy kwotasie was baie billik en ons vra hom toe om voort te gaan om die bouplanne te laat teken en goedkeuring te kry by die destydse Afdelingsraad van George. In begin Maart 1984 kon hy begin bou aan dié huis. Dié projek het gelukkig nie baie van my tyd geverg nie. Ek het wel eenkeer op ‘n kritieke stadium vir ‘n naweek George toe gevlieg en gesien dat hulle nie by die plan gehou het ten opsigte van sekere skuifdeure en vensters nie. Ons het presies geweet wat ons wou hê en gelukkig kon hy dit toe betyds regstel.

Tydens Paasnaweek in April 1984 het Francois-hulle van Pretoria gekom om te sien hoe die huis daar uitsien. Daar was nog baie afrondingswerk, maar hulle was, soos ons, baie opgewonde om te sien hoe die huis lyk. Johanna was 36 weke swanger met Johann. Ons was baie geseënd dat dié swangerskap geen komplikasies gehad het nie.

Meer oor ons strandhuis in 'n latere hoofstuk.

Op 23 Mei gaan Johanna in kraam. Sy bel my in Tygerberg Hospitaal. Ek is op spoed vir ginekologie. Sy word toe toegelaat in die Karl Bremer hospitaal waar sy bespreek was vir die bevalling, wat behartig sou word deur 'n verloskundige en ginekoloog, dr Charl Roux, wat ook vroeër ‘n mede kliniese assistant kollega van my was. Sy was nogal angstig en wou baie graag hê ek moes haar kom ondersteun. Ek het toe ‘n kollega gevra of hy die aand vir my sou instaan. Alhoewel hy ingestem het, wat ek baie waardeer het, het ek tog duidelik die gevoel gekry dat dit vir hom ongerieflik was. Ek kon nie mooi verstaan hoe ‘n dokter wat in Verloskunde en Ginekologie spesialiseer, nou nie juis empatie kon hê met ‘n kollega wie se vrou in kraam is en hy haar wil ondersteun nie ! Of was dit ‘n gebrek aan ondervinding met pasiënte in die privaat praktyk, waar die pasiënt se man ook deel van die groter prentjie was nie ?

Ons seun, Johann, is toe ongeveer tienuur die volgende Donderdagoggend op 24 Mei 1984 gebore, presies een week na Divan en Lida Serfontein se seuntjie, Mateo, se geboorte een week tevore op 17 Mei.

Ten spyte van Johann se geboorte, wat ‘n baie spesiale gebeurtenis was, het ek toe al begin voel dat ek nie “joy” gehad het nie.

Die leier kliniese assistent het in oorleg met die kliniese assistente die verlof rooster uitgewerk. Ek het gevra of ek verlof tydens die skoolvakansies kon neem, aangesien Carlien en Esmé toe reeds op skool was. Hy was my goedgesind en ken toe twee weke in Julie en een week aan die einde van September tydens die skoolvakansies aan my toe. Ook daaroor was van die ander kliniese assistente skynbaar ongelukkig.

In Julie is ons gesin na ons nuwe strandhuis op Outeniquastrand. Ons het so ‘n kleinerig tuimeldroër gehad wat ook saamgegaan het vir Johann se doeke. Hy was toe skaars ses weke oud. Dit was vir my lekker om uit die hospitaal te kom. Daar was heelwat waarmee ek my in dié tyd besig gehou het om ons in te rig in ons nuwe vakansieplek. Ek het heelwat Rooikrans-boomstruike laat verwyder en die erf voorberei om gras te laat plant.

Na ons terug is, het ek steeds “af” begin voel. In daardie tyd gebeur daar toe ‘n insident in Tygerberg Hospitaal wat ontstellend vir my was. (Waarskynlik meer so in die gemoedstoestand wat ek was en dit nie goed kon hanteer nie). ‘n Pasiënt is toegelaat in Tygerberg Hospitaal met ‘n hoë koors en een of ander hemorragiese siekte. (Die pasiënt se bloed wou nie stol nie). Hy word in die chirurgie intensiewe eenheid opgeneem, onder sorg van ‘n jong chirurgie konsultant, dr Andries Retief. Hy en sy vrou was baie goed bevriend met Dolf en Gail Bührmann, ons jare lange studente vriende en kollegas. Dolf is toe ook reeds ‘n chirurg in Tygerberg Hospitaal. Na ‘n dag of twee kry Andries Retief ook koors en dink dit is seker maar griep. Gail kuier by ons en vertel dat sy die vorige aand by Andries aan huis was en dat hy so siek is ! Binne twee dae beland Andries ook in die intensiewe eenheid, gekoppel aan ‘n respirator en sterf die volgende dag ! Op daardie stadium word Kongo koors diagnoseer en die hele intensiewe eenheid word isoleer. Niemand het eintlik geweet wat aangaan nie. Daar word toe ‘n groot ondersoek ingestel wie was in kontak met wie en wie was weer in kontak met hulle. Almal is onseker. Ek dink ek het toe besef ek funksioneer nie normaal nie. Ek was paniekerig. Ek verklaar my bewegings en kontak met Gail aan my konsultant vóór ons Maandagoggend teaterlys en word gevra om liewer nie in die teater te kom nie ! Ek verwerk dié situasie sleg. Johanna kan ook nie verstaan hoekom ek so paranoïes reageer nie.

Ek voel weer gedisorganiseerd. Tussen my kliniese werk gaan ek na my kantoor om te probeer swot, maar ek het ook nie eintlik ‘n plan nie. Ek konsentreer swak. Ek vind ook dat ek al hoe meer onseker voel om besluite te neem oor goed wat ek in die verlede met groot selfversekerdheid sou gedoen het. Ek moes al hoe meer die konsultante se opinies vra. Weens my omstandighede was van die jonger konsultante kollegas van my wat my juniors was of selfs voorgraadse studente toe ek in die sewentigerjare by Verloskunde en Ginekologie gewerk het. Dit was vir my baie vernederend.

Einde September gaan ons weer vir ‘n week strandhuis toe. Wat veronderstel is om lekker vakansie te wees, is nie lekker nie. Marizanne, Johanna se oorlede broer en skoonsuster Rita, se dogter gaan saam. Al die niggies gaan almal daagliks strand toe en swem in die see en geniet die vakansie. Ek lê energieloos op my bed en kyk na die plafon !

Terug by Tygerberg besef ek dat ek nie hierdie kruis alleen verder kan dra nie en neem ek dr JJ de Wet, my senior kollega by Anatomie, in my vertroue. Ek het as voorgraadse student reeds aanklank en 'n gevoel van respek teenoor hom ontwikkel. Toe hy ook, weens gesondheidsredes, sy loopbaan as Verloskundige en Ginekoloog afgeskaal het en 'n voltydse pos by die Departement Anatomie en Histologie aanvaar het, het ons baie goeie vriende geword, al was hy negentien jaar ouer as ek. Ek het hom as 'n mentor en vaderfiguur ervaar, veral toe my eie pa oorlede is. Ek het vir hom verduidelik hoe ek voel. Hy het baie begrip daarvoor gehad, want hy het ervaring van die “swart hond” in sy eie familie gehad en beveel toe aan ek moet dadelik ‘n Kliniese sielkundige of Psigiater gaan sien. Hy sal ook ’n bietjie navraag doen. Ek besef hy is reg, maar wil my nie eintlik so laat blootstel in die departement waar ek werk en aan kollegas wat alreeds nie oorloop van vriendelikheid nie.

In daardie week stap ek saam met dr Thinus Kruger, wat toe my konsultant by Ginekologie was, na ‘n saal vir ‘n saalrondte. Ek vermoed hy het my lyftaal raakgesien en hy vra hoe dit met my gaan. Ek erken toe aan hom dat dit eintlik bitter sleg gaan en dat ek, soos ek dit toe genoem het, baie neerslagtig voel. Thinus was ‘n paar jaar ‘n algemene praktisyn op Heidelberg, in die toe nog Transvaal, en het duidelik toe al te doen gehad met erge depressie. Hy het dadelik gesê dat hy ‘n psigiater, wat ‘n konsultant in die Departement Psigiatrie van Stellenbosch Universiteit en Stikland Hospitaal was, ken en dat hy reëlings sal tref dat ek hom so gou as moontlik moet sien. Hy het benadruk dat dit ‘n ernstige situasie is en dat ek asseblief moet saamwerk. Ek het sy besorgdheid oor my baie waardeer !

Ek het toe vir dr Gagiano in die Neurokliniek in Stikland Hospitaal gaan sien. Na ‘n lang onderhoud, waarin ek hom ook vertel het oor ons familiegeskiedenis van depressie, het hy gevra of ek sal kom vir biochemiese toetse wat hy wil doen. Hy was juis besig met ‘n navorsingsprojek oor die biochemiese veranderinge in pasiënte met depressie. Na hierdie toetse het hy ‘n diagnose van Endogene Major Depressie met Melancholie gemaak. (Deesdae in Engels bekend as (MDD) “Major Depressive Disorder”). Hy skryf toe vir my ‘n redelike hoë dosering van Imipramien, ‘n trisikliese antidepressant, wat daardie tyd beskikbaar was, voor. Hierdie middel het veral drie newe-effekte gehad, naamlik ‘n adrenergiese effek wat jou baie laat sweet het, ‘n sedasie effek wat jou lomerig laat voel het, ’n droë mond en ‘n ortostatiese hipotensiewe effek, wat jou dronk in die kop laat voel het, veral as jy vinnig opgestaan het.

Thinus Kruger het met ons departementshoof gaan praat en daar is besluit om my eers uit sy kliniese diensgroep te onttrek. (Wat ek intussen van hierdie toestand geleer het, moes ek waarskynlik met siekteverlof gegaan het, veral in die eerste weke van my medikasie en newe-effekte). Hoe dit ook al sy, ek gaan toe gedeeltelik op siekteverlof, maar daar is van my verwag om nou voltyds die sterilisasie program, wat ek deeltyds vanaf Anatomie gedoen het, te bedryf ! As gevolg van die newe-effekte van

die medikasie, kon ek nie anders as om die die oggende van die dae wat ek sterilisasies moes doen, eers my medikasie weerhou het tot ek eers heelwat later die middag teruggekom het. Dit was glad nie ideaal uit ‘n medikasie oogpunt vir my toestand nie. Ek moes ook nog die motor bestuur en die sterilisasie operasies doen. Toe ek gesond was, was dit nie ‘n probleem nie, maar ek was nou steeds blootgestel aan ‘n groot mate van stres, veral onder daardie omstandighede.

Indien ‘n persoon depressie ervaar, het hy of sy baie skuldgevoelens. Jy ervaar alles is jou skuld en jy voel jy maak dit vir almal moeilik. Die feit dat ék nou die sterilisasies moes doen en ander kliniese assistente op daardie stadium van hulle rotasie om sterilisasies te gaan doen, ontneem het, het my nog meer skuldig laat voel.

Alhoewel depressie as siekte in ons voorgraadse kurrikulum met ons behandel is, het ek (en ek dink ook baie van my direkte kollegas) en ek wat ook al 'n jaar in 'n algemene praktyk in 'n stedelike omgewing gewerk het, maar min daarvan geweet of ondervinding daarvan gehad. Ek dink in daardie tyd het meeste pasiënte, soos ek ook toe, dit weggesteek waardeur hulle gegaan het, weens die besef van onbegrip van kollegas, familie en vriende. Ek het ervaar dat ander dit glad nie verstaan het nie en jy waarskynlik meer simpatie en begrip oor jou probleem sou gekry het as jy ‘n fisiese toestand gehad het waarmee hulle kon identifiseer.

Ek het besef, na al die voorbereiding en reëlings, was daar geen kans dat ek op daardie stadium sou kon voortgaan on die SAKOG finale eksamen in die afsienbare toekoms te kon aanpak nie. Ek was teleurgesteld. Ek was gefrustreer. Ek het, soos met die primêre eksamen se fiasko, weer skaam en vernederd gevoel. My selfvertroue as mens was weer op ‘n laagtepunt. Ek het baie skuldig gevoel teenoor Johanna, wat onder hierdie moeilike omstandighede, met twee dogters van 10 en 8 jaar en ‘n baba van 6 maande, my nou ook nog moes ondersteun.

Ek het besluit dat ek maar moes vasbyt. Ek het maar elke dag hanteer soos dit gekom het. Die newe-effekte van die medikasie het verminder en ek het darem beter begin funksioneer. Gelukkig het ek nog my pos by Anatomie en Histologie gehad. Ek het besef ek sal my loopbaan weer moes heroorweeg. Ek sou die volgende jaar daaraan aandag gee. Ek wou net eers hierdie toestand probeer verstaan en hoe ek dit moes hanteer om weer gesond te word !

Aan die einde van Desember kon ons weer voor Kersfees Outeniquastrand toe gaan vir die vakansie.

Soos dikwels vantevore was daar ‘n bepaalde lied van ‘n sanger wat gewild was en baie op die radio gehoor is tydens ‘n sekere tydperk of gebeurtenis in my lewe. Toe ek in die diepste swartgat was en my nie kon indink hoe ek daaruit sou kom nie, is Stevie Wonder se lied “I Just Called to Say I Love You”, tot vervelens toe oor die radio gespeel. Die weergawe destyds was meer as 7 minute lank ! Aanvanklik het dit my erg geïrriteer en het ek die radio afgesit ! Ek het later na die woorde begin luister en besef, ten spyte van my omstandighede en hoe ek oor myself voel, dat daar tog mense is wat ook vir my lief is soos ek is en dit het tog vir my ‘n inspirasie geword !

Luister na hierdie verkorte weergawe van dié lied by https://youtu.be/1bGOgY1CmiU

Klik op die pyltjie na links aan die linkerkant bo op jou bladleser skerm van YouTube om terug te keer na hierdie dokument aan die einde van die liedjie !

I Just Called to Say I Love You Stevie Wonder

No New Year's Day to celebrate
No chocolate covered candy hearts to give away
No first of spring, no song to sing
In fact here's just another ordinary day
No April rain
No flowers bloom
No wedding Saturday within the month of June
But what it is, is something true
Made up of these three words that I must say to you
I just called to say I love you
I just called to say how much I care
I just called to say I love you
And I mean it from the bottom of my heart
No summer's high
No warm July
No harvest moon to light one tender August night
No autumn breeze
No falling leaves
Not even time for birds to fly to southern skies
No Libra sun
No Halloween
No giving thanks to all the Christmas joy you bring
But what it is, though old so new
To fill your heart like no three words could ever do…

I just called to say I love you
I just called to say how much I care
I just called to say I love you
And I mean it from the bottom of my heart

I just called to say I love you
I just called to say how much I care
I just called to say I love you
And I mean it from the bottom of my heart
from the bottom of my heart

I just called to say I love you
I just called to say how much I care
I just called to say I love you
And I mean it from the bottom of my heart

from the bottom of my heart

Terug na Inhoudsopgawe